# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (34/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick 5 September 2015*

***GESEGDE VAN DIE WEEK** "The nation behaves well if it treats the natural resources as assets which it must turn over to the next generation increased, and not impaired, in value" Theodore Roosevelt*

## RED DIE RENOSTER

Die afgelope naweek het ek die voorreg gehad om in 'n wildpark waar die "Groot 5" teenwoordig is, fiets te ry om geld vir die geveg teen renoster-stropery in te samel. Ek het die omvang van hierdie stropery besef toe dit uitgewys is dat elkeen van die vlae wat in die tent gehang het, 'n renoster verteenwoordig wat in die laaste jaar doodgemaak is. Om dieselfde beeld te kry, kry 'n pen en papier – skeur die papier in klein stukkies (sê 5 cm by 5 cm) en nommer die stukkies – as jy by 1 200 kom kyk na die hoop papiere by jou voete; elkeen verteenwoordig een renoster wat in die afgelope jaar dood gemaak is (meestal met baie pyn en lyding) sodat 'n persoon met meer geld as verstand kan kry wat hy/sy wil hê – of dit 'n status simbool is of vir "sogenaamde" seksuele "bekwaamdheid" is (perde se hoewe is die naaste verwant aan renosterhoring – hoekom word dit nie gebruik nie?). Dit is tyd om hierdie idiote te stop alvorens hul die renosters vernietig – dit is tyd vir ALMAL om op te staan en hierdie idiote te veroordeel.

## AUGUSTUS EUROPHYT

Die Augustus EUROPHYT verslag wat onlangs vrygestel is dui 5 addisionele onderskeppings van CBS vir Suid-Afrika aan (totaal vir 2015 is nou 9); en 4 vanaf Argentinië (totaal ook 9). Uruguay het 3 onderskeppings gehad wat hul totaal vir 2015 tot 5 bring.

## VEELS GELUKS AAN BUYISWA DYENGA

Verlede week was die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) die gasheer vir die "Female Famer Entrepreneur" toekennings. Vir die tweede agtereenvolgende jaar het sitrus daarin geslaag om een van die toekennings te wen - met Ms Buyiswa Dyenga wat die uitvoermark kategorie toekenning opgeraap het. Buyiswa boer in die Sondagsrivier. Die sitrusbedryf salueer jou en prys jou vir hierdie erkenning wat jy verdien.

## ASIA FRUIT LOGISTICA

Hierdie afgelope week was die opgewondenheid rondom die vars vrugte bemarking in Asië amper tasbaar by die Asia Fruit Logistica skou in Hong Kong. Vir die suidelike halfrond lande spesifiek was hierdie streek 'n sukses – die SHAFFE sekretariaat het data verskaf wat gewys het dat SHAFFE (suidelike halfrond) se invoere met 132% in volume sedert 2001 gestyg het, terwyl die noordelike halfrond se invoere oor dieselfde tyd slegs met 30% gestyg het. Die SHAFFE se gedeelte van die Oosterse mark is nou 17% (op vanaf 13% in 2001). In 2013 het SHAFFE se invoere met 31% toegeneem wanneer vergelyk word met die vyf jaar gemiddelde, terwyl nie-SHAFFE lande slegs met 9% toegeneem het. Hierdie toename word grootliks gelei deur die aansienlike toenames na Hong Kong en China, met minder beduidende trajeksies na Maleisië, Singapoer, Indië en Thailand. Japan is feitlik dieselfde met min groei; terwyl Indonesië verskil met die minder volumes wat ingevoer is (weens moeilike regulasies en twyfelagtige sluitings van die mark). Van die "temperate" vrugte invoere is sitrus die grootste kategorie met 1.2 miljoen ton wat Asië in 2014 ingevoer is; 450 000 vanaf die suidelike halfrond. Tweede is die kategorie bessies, kiwis en persimmons (900 000 ton waarvan 100 000 vanaf die suidelike halfrond). Appels en pere is derde (800 000 ton is ingevoer; 220 000 vanaf die suidelike halfrond), gevolg deur tafeldruiwe (600 000 t ingevoer, 400 000 t vanaf suidelike halfrond).

Suid-Afrika het 360 000 ton vrugte na Asië in 2014 uitgevoer – Hong Kong en Maleisië het beide 28% van hierdie volume ontvang, gevolg deur Japan (15%), China (14%), Singapoer (11%), Indië (3%) en Thailand (1%).

## GEPAK EN VERSKEEP

Die Sagte Sitrus Fokusgroep het vandag vergader en het hul voorspelling na 9.9 miljoen kartonne aangepas. Nawels, pomelo's en suurlemoen projeksies is aangepas om die nuutste data van wat gepak is, te reflekteer.

| Tot einde Week 35 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 17.7 m | 15.1 m | 15.9 m | 14.4 m | 15.4 m | 15.3 m | 15.9 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 7.9 m | 9.6 m | 9.5 m | 8.8 m | 9.2 m | 10 m | 9.9 m | 10 m |
| Suurlemoene | 10.2 m | 12.9 m | 14.4 m | 12.7 m | 13.9 m | 13.6 m | 14.4 m | 13.2 m |
| Nawels | 25.2 m | 25.4 m | 24.2 m | 24.8 m | 24.1 m | 25.1 m | 24.2 m | 26 m |
| Valencias | 34.5 m | 34.9 m | 36.2 m | 24.7 m | 27.1 m | 49.1 m | 49.8 m | 50.9 m |
| Totaal | 95.5 m | 97.9 m | 100.2 m | 85.4 m | 89.7 m | 113.1 m | 114.2 m | 115.7 m |

**Produsente in suider-Afrika het in hul toekoms belê deur die stigting en voortgesette befondsing van die CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC en CITRUS ACADEMY**